TJOKKIE brokkies!

Uitgawe 6|2|2018

24 Mei 2018

Uit die Kantoor …

Voortrekkerkamp
Baie dankie aan al die offisiere, heemraadslede, pappas en mammas wat so fluks gehelp het met die afgelope naweek se kamp. Die feit dat julle alles met ‘n “smile” gedoen het spreek boekdele van ons Tjokkiefamilie. Dankie aan Carl Jackson, ‘n pappa van ons skool, wat die 185 Voortrekkers meer oor slange kom leer het.

BELANGRIKE DATUMS

25 Mei: Kleuterskool gholfdag. Lekker speel pa’s.

26 Mei: Trompsburg sportdag. Ons B & C rugbyspanne en B, C & D netbalspanne neem deel. Spelers het die reëlings gekry. Dit val saam met hulle kerk se basaar. Neem u beursie saam.

27 Mei: Voortrekker Kerk-parade en Inlywingsfunksie om 15h00 by die Vrouemonument. Alle nuwe lede word in hul Voortrekkerdrag ingelyf.

29 Mei: Skaakliga

30 Mei: Rugby- en Netballiga @ PBS (tuis)

UITSLAE

Die volgende krieketspelers is gekies om die Mangaung Metro Krieketspan te verteenwoordig wat in September aan die Vrystaat Krieketweek gaan deelneem:

O/11
RG Vorster
Adriaan de Necker
Luan Nortjé

O/13
Miané Smit
Ricu vd Bergh
Dale Williams
RJ Fourie

Baie geluk met hierdie besonderse prestasie. Julle hou Tjokkies se naam hoog!

Geluk aan Luhan vd Westhuizen wat opgetrek is in die Suid-Vrystaat Hokkie O/13 B-span.

ATKV REDENAARS

Marlé vd Merwe en Marné Botes het deurgedring na die volgende rondte van die ATKV Redenaarskompetisie wat more te Kroonstad plaasvind. Baie geluk en baie sterkte!

LEERLING PROFIELVORM (Herhaal)

Die keerdatum vir die vorms was reeds gewees. Ons vra vriendelik dat alle uitstaande vorms nie later as Maandag, 28 Mei, by die klasonderwysers ingehandig word nie.

STREET STORE

Die Street Store was ‘n reuse sukses! 1800 behoeftige mense regoor Bloemfontein het klere en warm sop en broodjies ontvang by die twee afsetpunte. Dankie vir jul vrygewige harte en die hope en hope klere wat jul skool toe gestuur het! Die graad 7’s wat saam was, het ‘n groot impak gemaak en lewens aangeraak! Weereens baie, baie dankie.

KONSERT (Herhaal)

Vriendelike herinnering dat alle konsertgeld voor die 8ste Junie inbetaal moet wees.

Let asb daarop dat die verwysing vir betaling vir konsertgelde baie belangrik is: Kind se naam en van en klas
Voorbeeld: Gert Smith 7A

Betaling per kind asb, nie per gesin – dit vergemaklik kontrole. Bewys van betaling moet by klasonderwyser ingehandig word.

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

G5 SERVICE · SPAR UNIVERSITAS · CARTRACK PUTTING YOU IN CONTROL · i'm lovin' it · supa quick · MIDAS · DUNLOP ZONE · WISEMAN GROUP · SPEEDY

Huishulp Bederfdag (Herhaal)

Ons wil dankie sê aan al ons Tjokkie-huishulpe deur hul spesiaal te bederf op Vrydag 1 Junie van 13h30 – 15h00 in die skoolsaal @R80 pp. Dit sluit middagete en 'n geskenkie in. Kaartjies is by Juf. Janah Gr. 1 B beskikbaar.

PRETDAG

Ons pretdag is om die draai. Maak seker jy koop 'n kaartjie by die leerderraad en kom deel in al die lekker pryse en pret op die dag.

Tjokkie-Itec Gholfdag Lootjies

Die Kleuterskool het twee Rugby toetskaartjies vir die wedstryd tussen SA en Engeland, asook 'n Blesbok om te gaan skiet.

Dit word uitgeloot om vir almal wat belangstel 'n kans te gee om te wen.

Lootjies is van môre af tot Donderdag, 24 Mei, by die Kleuterskool @ R20 te koop.

Met een lootjie staan jy 'n kans om enige van die twee pryse te wen.

Snuffels

Villa Avianto bied die volgende Franse Wintermark aan, te Speserylaan 40, Kwaggafontein op 2 Junie 2018. Die dag begin 07h30 met die Spice Walk ten bate van die Kinderhuis. Die Franse Mark open amptelik om 08h00 en hekke sal oop wees tot 15h00. Kom geniet kulturele kosse, buitengewone uitstallings en heerlike musiek in 'n gesellige atmosfeer. Skakel 082 252 2406 vir verdere inligting.

GEM General Electrical Maintenance

Vir enige Elektriese werk of probleme, kontak my eerste vir die beste diens 24 uur 'n dag. Ek herstel ook hekmotors,
geysers, stowe, urns en bain-maries.
Vir goeie diens kontak:
William 0837078263

Solé Professional Shine is 'n verskaffers van haarprodukte aan salonne. Ons het tans 'n nuwe produk, nl. "Dr Lice" wat 'n conditioner is en met maklike aanwysings kopluise kan beheer en voorkom. Vir meer inligting, kontak gerus:

Marina Venter
082 553 7310